

Sing vooraf staande: Psalm 68:10

-10-

*Gewis, hoe hoog die nood mag gaan, / God sal die vyandskop verslaan,
die skedel so doemskuldig / wat God se heiligheid wou tart,
en daar hy in die kwaad volhard, / sy skuld vermenigvuldig.
Die HEER het self ons toegeseg: / "Ek sal deur mag en wyse oorleg
uit Basan jul vergader; / wanneer jul deur die diepte tree,
dan sal geen golfslag van die see / jul veil'ge voetstap nader.*

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 119:11

-11-

*HEER, leer my u wet dat ek dit / tot die einde toe kan hou;
gee verstand en gee volharding, / dan bly ek daaraan getrou.
Laat my leef na u bevele - / niks wat my so kan behaag.
Neig my hart daartoe, maar nimmer / om na woekerwins te jaag.*

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet sing ons Psalm 79:5,9

Wet

Psalm 79:5, 9 (p. 403)

- | | |
|---|---|
| <p>5 <i>Gedenk die kwaad, deur ons gedaan, nie meer.
Ons euweldaad wil ons vergeef, o HEER!
En maak u volk wat nou, verswak, moet ly,
deur u gena' weer van die skuldstraf vry.</i></p> | <p>9 <i>Dan sal u volk, u eie kudde weer,
wat U wou lei en deur u staf regeer –
dan sal ons sing tot in die nageslag
van u vermoë en onverwinb're krag.</i></p> |
|---|---|

Gebed

Psalm 33:11

-11-

*In God, dié God wat ons beveilig, / voel nou ons hart opnuut verblyd;
en op sy Naam, ontsaglik heilig, / vertrou ons tot in ewigheid.
Goedertieren Vader, / hoor ons as ons nader
met 'n diep ontsag; / slaan ons gunstig gade,
skenk ons u genade / as ons op U wag!*

Skriflesing: Openbaring 3

Teks: Openbaring 3: 9

**Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan, van die wat sê dat hulle Jode is
en dit nie is nie, maar lieg - Ek sal maak dat hulle voor jou voete kom en
neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het.**

Alleen 'n gemeente wat in die Here lewe en wat die vermoë het om leersuiwer te bly, kan met sukses die evangelie aan mense wat die Here nie ken nie, gaan verkondig.

- 'n Gemeente wat in die geloof verdwaal het niks om aan die wat buite die verlossing van die Here Jesus Christus staan nie, omdat hulle niks beter af is as die wat God nie ken nie.

Kom ons gaan tot opbou van ons geloof die volgende dinge rondom die gemeente van Filadelfia saam deur:

1. Die God van die kerk onderskei die lidmate in Filadelfia.

2. Filadelfia se opdrag.

3. Is ons en Filadelfia in dieselfde kerkverband?

1. Die God van die kerk onderskei die lidmate in filadelfia.

Baie betekenisvol stel die Here Homself in die aanhef van sy brief bekend.

- Die Skrywer van die brief is die Heilige en Waaragtige.
- Die Heilige en die Waaragtige God self is aan die woord voor die gemeente.
- In hierdie bekendstellingsgroet lê die versekering dat die Gemeente die Here wat met hulle praat, kan vertrou, want Hy doen alles reg en heilig.

In hierdie hoedanigheid het Hy ook 'n sleutel waarmee Hy kan oopmaak en toesluit op so 'n kragtige wyse dat niemand kan oopsluit waar Hy toegesluit het nie, en niemand kan toesluit waar Hy oopgesluit het nie.

- Hulle moet ook weet dat Hy die Een is wat finale beslissingsreg het oor alle dinge: Hy sluit oop en toe sonder dat iemand Hom kan keer of aan wat Hy doen, iets kan verander.

Daarmee toon die Here sy oppermag aan.

- Hy as God en Here het die heel hoogste posisie wat daar is.
- Terselfdertyd openbaar die Here hiermee Jesus Christus se Messiaanse bevoegdheid - want u moet onthou dat dit Jesus is wat aan die woord is.

Met hierdie openbaring toon die Here aan dat Hy bepaaldelik oor elke gemeente sekere genade bewerk.

- Hy beskik oor hulle goeie dinge wat onwrikbaar vasstaan.
- Met sy onbeperkte beskikkingsmag dwing Hy seën af oor sy gemeente.

Vir die gemeentetjie van Filadelfia was dit baie belangrik om dit weer te hoor, want in die vroegste jare het die gemeentetjie van Filadelfia 'n bittere stryd en vervolging deurgemaak.

- Polukarpus, wat in die vroeë jare predikant van Smirna was, skryf in sy boeke dat daar op een stadium elf van Filadelfia se gemeentede as martelare doodgemaak is.
- Die gemeente moes die Woord verkondig en suiwer hou onder swaar vervolging.
- Dit is uit hierdie brief duidelik dat dit nie so maklik gegaan het vir hierdie gemeente om die Woord te bewaar nie.

Van die lidmate van die gemeente was sogenaamde Jode.

- Al hierdie smarte in die klein gemeentetjie is deur die Jode bewerk. Dit is van hulle

wat daar gepraat word in vers 9:

Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan, van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg ...

Die naam "Jode" het die betekenis gehad dat hierdie mense die in die gemeente was wat op hulle agtergrond geroem het.

- Hulle was nog uit die tradisie van die besnydenis.
- Hulle het nog die wette van die Here geken.
- Hulle het die binnekant van die kerk al die jare geken - die ander lidmate moes luister as hulle praat, want hulle was die wat geweet het wat in die geloof aangaan.

Merkwaardig, die Here het nie dieselfde dunk van hulle gehad nie.

- Hy het hulle beskou as 'n sinagoge van die Satan wat in die kerk bestaan het.
- Dit is van hierdie lidmate wat die Here vir hulle skryf dat hulle hulle uitgegee het vir Jode, maar hulle het al die tyd gelieg.
- Hulle was valse lidmate in hulle kerk. Hulle wou net in die kerk inkom om die Christene te kom vervolg.

2. Filadelfia se opdrag.

Ons is as gemeente 'n eenheid. Ons moet dit na buite toe vertoon, want ons het as kerk 'n gesamentlike verantwoordelikheid voor die Here.

- Daarom moet u op uself let: Is jy deel van die kerk omdat jy 'n ware gelowige is is?
- Of is jy hier soos die mense wat in Filadelfia voorgegee het dat hulle Jode was, maar net die ander mense se geloof verswaar het?

Die Here het Hom aan hulle voorgestel as die Een wat oopsluit en weer toesluit.

- Hy ken die gemeente. Hy ken ook hulle werke.
- Hy weet dat hulle min krag het.
- Al was hierdie gemeente hoe waardeloos in die oë van die wêreld, het dit nie beteken dat hierdie gemeente geestelik ook swak en waardeloos was nie, want hulle het die vermoë besit om aan die Here getrou te bly.
- God het dit vir hulle moontlik gemaak dat hulle sy Woord kon bewaar, en sy Naam nie verloën nie.

Die Here is so trots op hierdie prestasie van die gemeente dat die Here aan hulle skryf dat hulle moet vashou wat hulle het.

Die Here Jesus belooft die volgende dinge aan hulle:

- Om die oorwinnaars pilare te maak in die tempel van God;
- Hulle sal nooit weer uit die tempel van God uitgaan nie;
- Hy sal ook die naam van God op hulle skrywe;
- Hy sal ook die naam van die stad van God, die nuwe Jerusalem, op hulle skrywe!
- Die Here Jesus belowe dat Hy sy eie nuwe Naam ook op hulle sal skryf.

Hierdie woorde van die Here is vir ons gemeente net so 'n belangrike troos as wat dit vir die gemeente van Filadelfia was:

- God laat ons weet dat ons veilig is.

- Niks kan ons skade berokken nie, want die Here het ons met sy onstuitbare geregtigheid en heerlikheid in sy genade ingesluit.

Dit is eintlik 'n baie besondere prestasie wat hierdie gemeente van Filadelfia behaal as mens daaraan dink dat die Here oor vyf van die sewe gemeentes klagtes het, maar met hierdie gemeentetjie is die Here tevrede.

- Groot en sterk gemeentes soos Efese het hulle eerste liefde verlaat,
- terwyl hierdie gemeente die Woord van Christus se lydsaamheid kon bewaar.

Die roem kom nie aan hulle toe, asof dit hulle prestasie sou wees nie. Die Here het dit met sy raad moontlik gemaak.

- Maar juis daarom het die Here hierdie klein gemeentetjie met groter verantwoordelikheid belas.
- Hulle moes die Naam van God, dit is sy geregtigheid en heiligheid, aan die mense gaan verkondig wat dit nog nie geken en aanvaar het nie.
- Dit is wat die Here bedoel met die woorde in vers 8:
Kyk, Ek het jou 'n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie ...

Hierdie uitdrukking kom meermale in die Nuwe Testament voor. Kom ons kyk na drie plekke waar dit staan:

- Een so 'n geval is 1 Korintiërs 16:9:
Want 'n groot en kragtige deur het vir my oopgegaan, en daar is baie teëstanders.
- Nog 'n plek is 2 Korintiërs 2: 12:
...maar toe ek in Troas kom om die evangelie van Christus te verkondig, hoewel 'n deur vir my in die Here geopen was, het ek geen rus vir my gees gehad nie...
- Op 'n ander keer skryf Paulus aan die gemeente in Kolosse (4: 3):
...en bid tegelykertyd ook vir ons, dat God vir ons die deur van die Woord mag open om te spreek van die verborgenheid van Christus, ...

In al hierdie uitsprake is daar iets gemeenskapliks, naamlik dat almal verwys na 'n geleentheid om die evangelie te verkondig aan mense wat nie in die Here glo nie.

Dan is dit eintlik logies dat dit ook die deur moet wees wat vir die gemeente van Filadelfia oopgemaak is.

- Daarom staan daar in die teksgedeelte dat die Here 'n deur vir hulle oopgesluit het, omdat hulle getrou bevind is in die bewaring van sy Woord, en omdat hulle sy Naam nie verloën het nie.
- Dit het hulle bekwaam gemaak om die evangelie met krag te verkondig aan die wat hulle daarteen verset het.

Die Here het geopenbaar dat die belydenis wat uit hierdie gemeente uitgegaan het, so sterk sou wees dat selfs van hierdie geharde Jode, wat eintlik 'n sinagoge van die Satan was, tot bekering sou kom en die liefde van die Here sou bely.

3. Is ons en Filadelfia in dieselfde kerkverband?

Wat moet 'n kerk nou doen as hy in die noute beland?

- Ons moet preek en verkondig - en ons moet sorg dat ons nie ter wille van ander mense ons beginsels prysgee nie.
- Die Bybel stel dit dat ons die Here nie moet verloën nie.
- Die slegte mense in die kerk sal self nog almal voor die voete van die mense wat God liefhet, neerval en erken dat die Here hulle liefgehad het (vers 9).

Ons het 'n groot verantwoordelikheid: veral ons wat in die eindtyd lewe.

- Ons beleef nog nie werklik vervolging nie, maar volgens die profesie in die Bybel is dit moontlik dat ons in ernstige gevaar kan beland, en moontlik selfs doodgemaak kan word vir ons geloof.
- Ons beleef al die voorlopers daarvan, want daar is al hoe meer terreine in ons lewe waar ons Christelike beginsels ernstig in gedrang kom, omdat die beleid in ons land is dat die Naam van die Here geen voorkeur bo enige ander godsdiens of vorm van (heidense) aanbidding het nie.

Ons moet net onthou dat ons selfs in lewensgevaar die "Woord van my lydsaamheid" soos die Here sy evangelie hier noem, moet bewaar.

- Die druk sal al hoe groter word dat ons ons beginsels en ons geloof moet prysgee.
- Die oomblik wanneer ons ons beginsels prysgee, verloën ons die Naam van God, en dan verval ons in die sonde waarteen die gemeente van Filadelfia staande kon bly.

In die laaste tye sal in ons gemeente ook mense wees soos hierdie wat die Here hier beskryf dat hulle "die sinagoge van die Satan is". Hulle sal beheers word deur die leuen (vgl. Openbaring 2:9).

In die laaste dae sal hierdie mense die werktuie in die Satan se hand wees, wat met duiwelse beplanning die dae vir die gelowiges ondraaglik sal maak.

- Hulle sal - met die Bybel in die hand - die kerk mettertyd verander, sodat dit later nie meer die Here se kerk sal wees nie.
- Hulle sal ons maklik vang, want ons sal aan hulle gewoond wees, en onder die indruk verkeer dat hulle "ons soort mense" is.

Hierdie indringers gaan die ware gelowiges 'n moeilike tyd gee, want Matteus 24:22 beskryf dat die Here die dae korter sal maak, sodat ons kan oorleef:

En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word.

Gemeente, u mag net nooit moed verloor nie, want die Here maak in Openbaring 3:10 die belofte dat Hy ons self in daardie dae sal bewaar.

- Wat meer kan ons vra. God maak die deure vir ons oop, sodat ons kan glo en getuig.
- Al wat Hy vra is die verantwoordelikheid dat ons dit sal doen.
- Hy bewaar ons selfs in die stryd om dit te kan doen.

In God se besorgdheid oor ons welvaart, gebruik Hy al die magte van die hemel om ons te beskerm en voort te help.

- Dink byvoorbeeld aan die werk van die engele!
- Maar bo alles stuur Hy sy Seun Jesus Christus om te kom sterf, sodat God se woede

- oor ons oortredinge in Hom gestraf kan word.
- So word die bewaring van Openbaring 3 waar.

Dit is dieselfde Here Jesus wat hierdie brief vir die gemeente van Filadelfia laat skryf het wat vir ons gesterf het.

- Dit is Hy wat skryf dat Hy ons bewaar en dat Hy die deur oopgesluit het.
- Niemand het nodig om sy vermoë om dit te doen, te betwyfel nie.
- Hy het reeds bewys dat Hy die dood oorwin en die lewe beheers.

Wees daarom ook gewaarsku dat Hy kan toesluit - vir ewig! Hy sluit inderdaad die deure van die hel oor die ongelowiges toe tot in ewigheid.

Die feit is nou dat God klaar gestraf het vir ons oortredinge. Dit is nie meer nodig om ons te verdelg nie.

- Nou vou Hy ons in sy liefde toe.
- Dit moet ons altyd onthou! Daarom moet ons dit ook benut, want die liefde van God is te kosbaar om dit onbenut te laat verbygaan.
- Alles wat vir die gemeente van Filadelfia moontlik was, is ook vir ons moontlik!
- Daarom moet ons ook daarna streef om soos die gemeente van Filadelfia God se guns te behaag.

Ons gemeente het baie goeie deugde.

- Ons kan hard werk. Ons is in baie opsigte pligsgetrou.
- Maar ons het ook swakhede wat ons kortwiek. Een daarvan is enkeles van ons se halfhartige meeleding met die gemeente.

U moet vir uself 'n saak uitmaak of 'n lidmaat wat halfhartig glo en wat ook sy geloof in allerhande halfhartighede uitleef, werklik die die Woord van God bewaar. Die Woord van die Here leer ons dat die Here alles van ons vra, en dat ons ook alles vir mekaar moet feil hê.

Ons moet 'n kerk wees wat werklik met God self saamleef!

- Die Here sê hier dat ons die Woord van Christus se lydsaamheid moet bewaar.
- Dit beteken dat ons die volgende eienskappe moet hê:
 - om te glo
 - om lief te hê.
 - om te volhard tot die einde toe

Om te weet dat in die swaarste aanvegtinge wat oor die aarde kom, ons nog altyd veilig deur die Here bewaar word.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 98:1.

-1-

*Sing nuwe lof aan God die HERE, / die God wat wonders het gedaan;
sy regterhand, vol sterkte en ere, / sy heil'ge arm bring redding aan.
Hy het sy heil en alvermoë / die volkere alom gemeld;*

geregtigheid blink voor hul oë / soos sonnestrale oor berg en veld.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 20 Januarie 2013